

## Nie een wat My geminag het, sal die land sien nie (OP46)

Num 14:1-35

27 Junie 2021

Laasweek het ons begin kyk na die gebeure by Kades-Barnea, op die grens van die beloofde land. Ons het na Num 13 gekyk, en ook na enkele verse uit Num 14. Ons het gesien dat 12 verkeners die beloofde land gaan verken het, maar daar was nie eenstemmigheid onder hierdie 12 oor wat hulle te doen staan nie. 10 Verkeners het aanbeveel dat hulle nie die land moet gaan inneem nie, terwyl Josua en Kaleb aanbeveel het hulle moet dit beslis gaan doen. Ons het gesien die rede waarom die 10 verkeners nie die land wou gaan inneem nie, was omdat hulle vasgekyk het teen die inwoners van die land, veral hulle getalle en hulle sterkte, terwyl hulle glad nie rekening gehou het met God se beloftes oor die land nie, en ook nie geleer het en bemoedig is deur die gebeure van die vorige 14 maande nie; gebeure waarin die Here herhaaldelik bewys het Hy is definitief by die volk en by magte om die inwoners van die land saam met hulle gode te oorwin.

Vandag kom ons nou by Num 14. Hier vind ons 'n beskrywing van die gevolge op daardie twee uiteenlopende verslae. Heelwat detail word vir ons beskryf, en ek beplan om twee preke te wy aan 'n bespreking hiervan. Ons kan drie rolspelers identifiseer in hierdie gebeure: (1) die volk, (2) Moses, en (3) die Here. Ek wil vandag stilstaan by die laaste twee: Moses en die Here en met die volgende geleentheid wil ek stilstaan by die volk.

### Optrede van Moses (Num 14:5-19)

In verse 1-4 lees ons dat die volk ingekoop het by die verslag wat die 10 verkeners gelewer het. Hulle het gekla en was in verzet teen Moses en Aäron. Hulle kla dat dit beter sou wees as hulle maar eerder in Egipte of die woestyn gesterf het, en bevraagteken hoekom die Here hulle uit Egipte gebring het net om nou doodgemaak te word, en sodat hulle vrouens en kinders krygsgevangenes kan word. Hulle wou selfs 'n leier in Moses se plek aanwys om hulle terug te neem Egipte toe.

In vers 5 lees ons dat Moses en Aäron voor die volk op hulle gesigte neergeval het (OAV, NAV sê hulle het op hulle knieë geval, maar die OAV is nader aan die oorspronklike). Moses en Aäron het verwag dat die Here binnekort gaan ingryp, en heelwaarskynlik ferm gaan ingryp – daarom dat hulle op hulle gesigte neerval voor die volk. Josua en Kaleb skaar hulle ook by Moses en Aäron. Vers 6 sê hulle het hulle klere geskeur en daarna lewer hulle hulle pleidooi om wel te trek, omrede die Here by hulle is, en hulle dan maklik die ander volke en hulle gode sal oorwin (hierna het ons verlede week gekyk). Die volk wil egter niks hoor nie – inteendeel, hulle dreig om Josua en Kaleb met klippe dood te gooi. Lees vers 10b. Dink jou die gesig in: Moses en Aäron lê met hulle gesigte op die grond. Josua en Kaleb betoog met geskeurde klere die volk moet na hulle luister. Maar die volk is briesend en wil hulle doodmaak! En dan verskyn die heerlijkheid van die Here voor die volk by die tabernakel... Dit is presies wat Moses verwag het gaan gebeur... Dit is asof die Here hulle nog 'n laaste kans gegee het om te reageer op die pleidooie van Moses, Aäron, Josua en Kaleb, maar hulle wou niks hoor nie. En as Josua en Kaleb se lewens in gevaar is, dan verskyn die Here...

Maar die Here praat net met Moses. Die Here vra hoe lank gaan die volk nog aanhou om Hom te verag en Hom nie te glo nie, en dit ten spyte van al die wonders wat Hy onder hulle gedoen het. En dan kondig die Here Sy oordeel aan: Hy gaan die volk uitroei deur die pes, en dan sal Hy 'n groter en sterker volk uit Moses bou! Dit is op hierdie punt dat Moses namens die volk by die Here pleit (vers 13-19).

Moses het twee argumente in sy gesprek met die Here. Die eerste argument is in verse 13-16. In hierdie argument beroep Moses hom daarop dat die Here se Naam oneer aangedoen sal word deur die ander volke as Hy hulle nou summier uitroei. Moses redeneer die Egiptenaars sal hoor die Here het hulle uitgeroei, en hulle sal vir die volke in die beloofde land gaan vertel. Hy redeneer verder die volke in die land het hoeka al gehoor van hoe die Here hulle uit Egipte gelei het en nou onder hulle woon, selfs hoe Hy hulle lei deur die wolk- en vuurkolom. Moses se argument is dat hierdie volke op die oomblik bekommerd is as hulle sien hoe die Here onder Sy volk woon en hulle lei. Maar as die Here hulle nou skielik uitroei, sal die volke net een gevolgtrekking maak, en dit is dat alhoewel Hy hulle op wonderbaarlike manier verlos het, versorg het en gelei het tot hiertoe, was Hy nie by magte om hulle tot in die beloofde land te bring nie, selfs nie al het Hy dit met 'n eed beloof nie. Enige ontsag wat hierdie volke vir die Here opgebou het, sal verdwyn as die Here die volk nou soos een man uitroei, en daarom moet die Here volgens Moses dit nie doen nie.

Sy tweede argument is in vers 17-19. In hierdie argument beroep Moses hom op die karaktereenskappe van die Here. Hy noem verskeie karaktereenskappe:

- Hy verwys na die Here se lankmoedigheid – En as jy na die gebeure van die afgelope 14 maande kyk het die Here werklik gedemonstreer Hy is lankmoedig ten spyte van al die verwyte van die volk.
- Hy verwys na die Here se liefde/goedertierenheid – En as jy dink aan die Here wat hulle laat groei het tot 'n groot nasie, hulle voorsien het van manna, kwartels en water, hulle gelei het tot op die grens van die beloofde land, dan moet jy erken die Here is liefdevol en goedertieren.
- Hy verwys na God se vergewensgesindheid – dink maar aan die talle voorvalle waar die volk gemurmureer het, maar die Here het hulle telkens vergewe.
- Hy verwys ook na die Here wat nie sondes ongestraf laat nie – dink maar net aan die brand by Tabera, die baie wat gesterf het by Kibrot-Taäwa, en Mirjam wat melaats was by Gaserot, dan het die Here ook aangedui sonde word nie maar net oorgesien nie. Hy straf dit selfs tot in die derde en vierde geslag!

Moses se versoek is aan die begin van vers 17: “Laat U groot mag nou bekend word, Here”. Dit is asof Moses wil sê: “Hier is 'n krisis. U wil die volk uitroei, maar ek is oortuig dit gaan U Naam oneer aandoen. Boonop, hoe rym dit met U lankmoedigheid en goedertierenheid? Aan die ander kant die volk gooi U geduld en goedertierenheid telkens terug in U gesig – soveel so hulle wil nou terug gaan na Egipte. Verder, U is vergewensgesind, maar U laat sonde ook nie ongestraf nie. Hoe nou gemaak?” En Moses se pleidooi is dan: “Here, laat U groot mag nou bekend word!” Moses erken hierdie saak is te kompleks vir hom om uit te werk – Hy weet God se Naam mag nie oneer aangedoen word nie, Hy weet ook God sal nie optree teen Sy eie karakter nie – maar wat is die antwoord in hierdie omstandighede voor die oë van die wêreld wat kyk wat nou gaan gebeur?

Kom ons onderbreek die bespreking van wat hier gebeur en kyk na 'n paar toepassings. Uit Moses se gesprek met die Here is daar verskeie lesse wat ons kan leer, veral wat ons gebede aanbetref. Kom ons kyk na 'n paar:

- Moses bid nie primêr vir eie gewin nie. Onthou die Here het voorgestel dat Hy uit Moses 'n nuwe volk sal bou. Hier is Moses se geleentheid om te groei in status – as dit sou realiseer, hoef die volk van hier af nie meer beskryf te word as die nageslag van Abraham nie, nee, hulle kan van nou af die nageslag van Moses wees. Moses is egter glad nie gretig hiertoe nie. Ons het al vantevore gesien dat Moses nie bedreig was deur die 70 leiers wat aangewys is nie, en ook nie deur Mirjam wat jaloers was nie. Nou sien ons weer dieselfde nederigheid.

Daar is 'n saak wat vir Moses baie belangriker is: God se eer. Dit is sy prioriteit. Dit moet beskerm word. Dit behoort ook van ons gebede waar te wees – immers toe Jesus ons leer bid het, het Hy ook geleer die eerste saak wat bo-aan staan is: Laat U Naam geheilig word. Natuurlik mag ons vir onself bid, maar dis altyd ondergeskik aan 'n soeke na God se eer.

- As Moses bid hou Hy God se beloftes in gedagte, asook dit wat God oor Homself geopenbaar het. Al verstaan hy nie presies wat die regte uitkoms is wat die Here nou moet bewerk nie, weet Moses die uitkoms mag geen van God se beloftes onwaar maak nie, en die uitkoms mag nooit vereis dat God teen Sy karakter optree nie. Weereens is dit in lyn met hoe Jesus ons leer bid het. Laasjaar het ons in 'n reeks preke deur die Onse Vader gewerk – en een van die dinge wat ons gesien het is, dat die eerste drie bedes basies 'n opsomming van God se raadsplan is: Sy Naam moet geheilig word, deurdat Sy koninkryk groei tot volheid en deurdat Sy wil in Sy koninkryk sal geskied. Verder, die laaste drie bedes in die Onse Vader, waar ek bid vir my daaglikse brood, of sondevergifnis, of bewaring van versoekings, bid ek omrede ek dit nodig het om God se wil in Sy koninkryk tot Sy Naam se eer te doen.
- Moses het nie in detail vir die Here uitgespel wat nou moet gebeur nie. Hy beywer hom maar net daarvoor dat die Here nou Sy mag gaan bekend maak. Dit is natuurlik dikwels die geval met ons ook – ons weet nie wat om te bid nie. Maar dit beteken nie dat Moses nie bid nie. Hy soek daadwerklik na die wil van die Here in hierdie komplekse saak. Hy weet selfs wat die grense is waarbinne die Here nou moet optree. Die gevolg van hierdie inspanning is dat daar nou by Moses 'n afwagting is om te sien wat die Here gaan doen. Dieselfde geld vir ons. En ons het boonop die Heilige Gees wat saam met ons bid in situasies soos hierdie.

#### Optrede van die Here (Num 14:20-35)

In hierdie verse lees ons hoe die Here reageer op die gebeure, en op Moses se pleidooi. Die Here maak duidelik wat die probleem met die volk is: In vers 22 lig die Here uit ondanks die feit dat die volk Sy wonders in Egipte en die woestyn gesien het, tart hulle Hom steeds uit en luister nie na wat die Here sê nie. In vers 23b sê die Here hulle minag Hom, en verset hulle teen die Here (vers 29). Gevolglik het die Here besluit om op te tree, en die besluit wat die Here geneem het staan onwrikbaar vas: net so seker as wat die Here leef, en net so seker as wat die aarde gevul sal word met Sy heerlikheid, net so seker gaan gebeur wat die Here nou gaan aankondig. Natuurlik leef die Here verseker – Hy het dit herhaaldelik bewys in die lewe van die volk. En die vul van die aarde met die heerlikheid van die Here, is niks anders as die doel van die Here met die ganse skepping van die begin af nie. Die Here gaan geensins afwyk van Sy einddoel met alles nie – dit staan vas. Maar netso vas staan wat die Here nou oor die volk gaan aankondig.

Wat is die aankondiging van die Here? Enersyds dat Hy die volk vergewe (vers 20), en andersyds dat nie een van die wat Hom geminag het, die beloofde land sal sien nie (vers 23). Verse 26-35 beskryf in meer detail wat dit prakties beteken: Almal van 20 jaar en ouer, met die uitsondering van Josua en Kaleb, sal in die woestyn sterf. Dit sal oor die loop van die volgende 40 jaar gebeur, een jaar vir elke dag wat die verkenners die land verken het. Sodoende sal die volk se begeerte om eerder in die woestyn te sterf as om die land in te neem (vers 2), vervul word. Hulle kinders, oor wie hulle bekommerd was dat hulle krygsgevangenes sou word wanneer hulle die beloofde land sou inneem, sal ironies genoeg na 40 jaar wel die land inneem.

Kom ons kyk na hierdie optrede van die Here in die lig van wat Moses voor gepleit het. Moses het gepleit die Here moet nie teen Sy eie karakter optree nie. Moses het spesifiek verwys na die volgende karaktereenskappe van die Here:

- Lankmoedig: Oor die afgelope maande was die Here baie lankmoedig met die volk. Maar is Hy hier steeds lankmoedig? Ja, Hy is bereid om 40 jaar te wag vir die volgende geslag, en dan voort te gaan met Sy plan om te werk na die punt dat die aarde vol sal word van Sy heerlikheid.
- Goedertieren: Is die Here steeds goedertieren? Ja, Hy roei hulle nie op die ingewing van die oomblik almal uit nie. Hy sal steeds vir hulle sorg tot op elkeen se sterfdag. Verder sal Hy steeds goedertieren wees teenoor hulle kinders sodat hulle wel die land kan inneem.
- Vergewensgesind: Is die Here steeds vergewensgesind? Ja, vers 20 sê die Here vergewe hulle. Dit lyk my ons moet dit verstaan in die lig van die feit dat Here toelaat dat die volk 'n nageslag mag hê waarmee Hy verder sal werk, anders as om almal uit te roei en deur Moses 'n nuwe volk te groei.
- Straf sondes: Straf die Here steeds sondes? Ja, Hy verklaar dat niemand wat Hom geminag het, die beloofde land sal binnegaan nie.

Wat van Moses se bekommernis oor die eer van die Here se Naam, veral as die ander nasies hoor wat die Here se reaksie is na die opstand van Sy volk? Wel, ek veronderstel ons kan aanneem die gerug sou na die nasies versprei het dat die Here gaan wag tot die huidige geslag uitgesterf het, en dan gaan hulle kinders die land inneem. As hierdie nasies hoegenaamd met integriteit hierdie besluit van die Here sou oordink, sou hulle moes verstaan die gevaar het nie vir hulle verdwyn nie – dit is bloot uitgestel. En verder moes die feit dat die Here bereid is om so ferm met Sy eie volk te werk, hulle laat dink het oor watter lot hulle gaan tref. Ons moet dus sê, hierdie besluit van die Here bedreig nie die eer van Sy Naam nie, selfs nie eers onder die nasies nie, dit is nie in stryd met die Here se karakter nie, en verder bedreig dit ook nie die realisering van God se plan nie.

Kom ons besin oor 'n paar dinge wat ons hier van die Here leer:

- Ons moet opnuut verstom staan voor wie God is. Ten spyte van hierdie groot krisis waar Sy hele volk, op enkele uitsonderings na, Sy plan met hulle verwerp, hanteer God die situasie met absolute wysheid. Hy sien nie af van Sy plan nie; Hy hou Homself steeds aan Sy verbondsbeloftes, Hy verwerp nie Sy volk nie, nee, Hy verwerp net een geslag en terwyl die opstandige geslag uitsterf, berei Hy die volgende geslag voor; Hy tree nie op in stryd met Sy karakter nie; Hy gee geen rede dat nog Sy volk nog die ander volke Sy Naam enige oneer sou aandoen. Moses het nie geweet wat die oplossing vir die krisis is nie, hy kon maar net vra dat die Here Sy groot mag nou sal bekend maak – en dit is presies wat die Here doen. Ons moet God verheerlik oor wie Hy is en hoe Hy hierdie situasie gebruik.
- In hierdie verwickelinge leer ons meer van God se plan. Ons het gesien die Here het bevestig wat steeds die einddoel van Sy plan met Sy skepping is: die aarde sal vol word van Sy heerlikheid! Ons weet ook hoe 'n groot rol mense, veral God se volk, speel in die realisering van hierdie doel: As kroon van die skepping speel hulle 'n kardinale rol om die Here se heerlikheid te besing – alreeds in hierdie lewe en natuurlik ook in die hiernamaals. En tog, al draai feitlik die hele volk teen die Here, al verwerp hulle die Here se plan met hulle, al wil hulle 'n ander leier kies om hulle teen die plan van die Here terug te vat Egipte toe, bedreig dit steeds nie God se plan nie. Alhoewel realisering van die Here se plan afhanklik is van mense, alhoewel hulle 'n groot deel uitmaak van die verheerliking van God selfs wanneer Sy heerlikheid die hele aarde vul, beteken dit nie God is verleë oor hulle nie. As hulle nie deel van Sy plan wil wees om Hom te verheerlik nie, stuit Hy hulle in die realisering van hulle plannetjies, en rig vir Hom 'n volgende geslag op deur wie Hy wel Sy doel sal bereik.

- In hierdie gebeure leer ons wat die Here van ons as Sy kinders verwag. Lees Heb 3:7-15. Duidelik verwys die Hebreërskrywer ook na hierdie gebeure waarna ons besig is om te kyk. En in hierdie verse word verskeie verwagtings van die Here uitgelig:
  - Wanneer die Here met ons werk, verwag Hy dat ons ag sal slaan op wat Hy doen. Die Here het 'n afkeer aan hardkoppigheid (vers 8) en ook aan voortdurende afdwalery (vers 10). Ons moet nie beter probeer weet as die Here nie.
  - Ons moet versigtig wees om nie die Here uit te tart en op die proef te stel nie (vers 9). Daar moet nie by ons die gesindheid wees om te kyk hoe ver ons die Here se geduld kan beproef nie, of hoe naby ons aan die grens kan loop om net-net Sy wil te doen nie. Nee, Hy verwag dat ons ons sal inspan om so na as moontlik aan Sy wil te leef.
  - Daar moet nie by ons 'n gesindheid van ongeloof wees nie (vers 12). Die volk het nie geglo die Here kan hulle in die beloofde land bring nie. Die Here verwag dat ons sal glo Hy is instaat om alles te doen wat Hy aan ons beloof. Hy verwag dat ons ons sal inspan om oortuig te wees Hy kan dit doen. Vir die doel moet ek my verdiep veral in Sy Woord, maar ook in Sy algemene openbaring in die skepping, die geskiedenis, wêreldgebeure en my persoonlike lewe.
  - Die Here verwag dat ons sal volhard tot die einde toe (vers 13 en 14). Onthou, een van die vyf punte van Calvinisme is "perseverance of the saints". Die volk het met stampe en stote uitgehou tot op die grens van die beloofde land, maar nie tot in die beloofde land nie. Ons moet volhard tot die einde toe. En die Hebreërskrywer moedig ons aan om mekaar hiertoe aan te moedig.
  - Die Here verwag dat ons met dringendheid aandag sal gee aan Sy verwagtinge van ons: "Vandag, as julle Sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie" (vers 7-8, 15). Die feit van die saak is: genadetyd loop uit.

Mag die Here ons help dat ons met dringendheid ons voortdurend tot die einde toe aan Hom sal onderwerp in nederige gehoorsaamheid, in geloof en in toewyding tot Sy eer.